

Leiden: E J Brill. Hardeband, 232 bladsye. Prys: Onbekend

Resensent: Ds S P Nolte (Pietersburg)

Hierdie werk is 'n verdere bydrae in die voortgaande debat oor die mees waarskynlike agtergrond waarteen die Johannesevangelie gelees kan word. Daar is basies twee rigtings: diegene wat probeer aantoon dat die evangelie binne of baie naby aan Palestina geplaas moet word, en dan diegene wat die evangelie in Efese probeer plaas. Soos wat uit die titel afgelei kan word, is van Tilborg 'n eksponent van laasgenoemde beskouing. Tog stel Van Tilborg self dat hy nie wil probeer bewys dat die evangelie in Efese hoort nie (bl 3). Hy probeer eerder aantoon op watter wyse die teks in 'n eerste-eeuse Efese gelees sou kon word. Om dit te kan doen, maak Van Tilborg gebruik van 'interference'. Dit is die wisselwerking wat spontaan tussen leser en teks plaasvind wanneer 'n tipiese ooreenkoms ('similarity') of verskil ('dissimilarity') opgemerk word. Dit gaan dus oor 'n proses waartydens die leser betekenis gee aan die teks waarmee hy/sy besig is.

Die boek bestaan uit 'n inleiding, vyf hoofstukke, geselekteerde bibliografie en 'n indeks van moderne outeurs. Die hoofstukke se titels lui soos volg:

- \* 'The prosopography'
- \* 'Jesus and the authorities in Ephesus'
- \* 'Embedding John in the city life of Ephesus'
- \* 'Group formations in John and Ephesus'
- \* 'The Passion narrative and the God Emperor'.

Die verskillende hoofstukke word telkens op dieselfde wyse gestruktureer. Die betrokke saak soos wat dit in die Johannesevangelie voorkom, word eers uiteengesit. Daarna word dieselfde saak vanuit die Efese-konteks belig. Laastens word daar gevra hoe die lesers in Efese die Johannesevangelie binne hulle konteks en vanuit hulle verwysingsraamwerk sou kon lees. Hierdie strukturering van die hoofstukke maak dit maklik om die strekking en argumentasie van elke hoofstuk te kan volg.

Van Tilborg het 'n geweldige hoeveelheid epigrafiese materiaal uit die eerste-eeuse Efese, historiese data uit kontemporêre literatuur asook prosopografiese, politieke, sosiale, ekonomiese en kuns-historiese studies oor die eerste-eeuse Efese gebruik om sy saak te beredeneer. Hy het uitstekende navorsing in dié verband gedoen. In elke hoofstuk dui hy die relevante materiaal duidelik aan deur óf 'n vertaling van die tekste te gee, óf deur die inhoud opsommenderwys weer te gee. Sy kennis van die tekste en die destydse wêreld is verstommend.

In hoofstuk 1 handel hy oor die sisteme van naamgewing in Johannes se teks en soortgelyke sisteme in Efese, naamlik eiename, plekaanduidings, aanduidings van funksies en so meer. Hoofstuk 2 handel oor die titels wat in die Johannesevangelie aan Jesus toegedig word, naamlik koning, seun van God, God, die Here, verlosser van die wêreld en hoe dit deur die lesers in Efese geïnterpreteer sou word. In hoofstuk 3 dui Van Tilborg aan watter ooreenkomste daar tussen die teks van Johannes en die 'stadslewe' van Efese sou wees. Om dit te doen het hy sekere sosiale praktyke en sisteme gekies, byvoorbeeld die tempel; offer- en monetêre praktyke by die tempel; arbeid; vry persone, diensknegte en slawe; besittings en geld; gesagspersone en so meer. Hoofstuk 4 handel oor groeppvorming. Van Tilborg bespreek die verskillende groepe soos dit in die evangelieteks na vore kom, onder andere die dissipels, die 'geliefde dissipel' en vroue en watter assosiasies dit by die lesers in Efese sou oproep. Die laaste hoofstuk handel oor die lydensnarratief in Johannes 18:28-19:16. Van Tilborg verdeel en bespreek die betrokke narratief in die Johannesevangelie in ses 'episodes.' Daarna dui hy aan watter rol die keiser, die keiserlike familie en die belange van die keiser in Efese gespeel het. Laastens dui hy op treffende wyse die raakpunte met die Johannese teks aan. Hierdie hoofstuk is een van die bestes in die boek. Die boek is baie bruikbaar vir:

- \* die student van die Johannese geskrifte;
- \* enige persoon wat belangstel in die proses van intertekstuele kommunikasie tussen die Bybelse tekste en kontemporêre tekste;
- \* die proses waarop lesers betekenis gee aan tekste.